| 5 September | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
| --- | --- | --- |

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 7 SEPTEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
| --- | --- | --- |
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Ryk van Velden | Ds. Heinrich Carstens |
| Psalm 1 | Jesaja 32:14-18 | Jesaja 32 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk







## Hangklipkerk

## Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir die Bybelverspreidingsfonds .
Op 14 September is dit vir **Sinodale Hospitaalbearbeiding.**






# Program vir die week

*Seisoen van die skepping 1 September tot 5 Oktober 2025*

| | | |
|---|---|---|
| **Sondag 7 September** | ***18:00*** | *Filmvertoning: Plastic People (Kleinmondkerk)* |
| **Dinsdag 9 September** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 10 September** | ***09:00*** | Normaalklas vir Vrouebybelstudie |
| | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Dissipelskap-reisgenote (TYD) |
| **Donderdag 11 September** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 12 September** | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |




*Lidmate wat voorbidding nodig het…*

*Hannie de Kock van Kogelpark & Riëtte van den Berg (Bb 4).*

*Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met…*

*Koos Fritz (Sa3) en familie met die afsterwe van Petro.*

*Elaine Reitsma (Sb1) met die afsterwe van haar ma.*



# Omgee-boetiek

*Die **Omgee-boetiek by die Kerksaal** in Eerste Laan word bedryf deur middel van donasies van goedgesinde gemeentelede – wat ook weer aankope kom doen. Ons is bewus daarvan dat daar heelwat ander soortgelyke ondernemings op Kleinmond is, maar wil tog vriendelik versoek dat mense ons sal ondersteun. Die geld wat ons deur verkope genereer word gebruik om te help met die aankope van kospakkies (Diens van Barmhartigheid se groot taak). Die afgelope tyd is dit egter baie stil by die boetiek en ons herinner graag almal dat ons steeds oop is op 'n **Maandag** en 'n **Vrydag tussen 10:00-12:00**.*
*Bring asseblief dit wat al so lank stof vergaar en kom snuffel self.*
*Ons kan ook kom afhaal as u nie self kan aflewer nie. Absoluut enigiets is welkom.*

## Besprekings

Kontak vir Joke by die Kerkkantoor (028 271 3470) vir enige **besprekings** by die Kerksaal, Kleinmondkerk of Hangklipkerk.

## Ons leraars se kontakbesonderhede

| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Leopold van Huyssteen | Ds. Kirsten Small |
|---|---|---|
| ***083 566 1490*** | **082 707 0676** | ***079 296 2431*** |
| heinrich@ngkogelberg.co.za | leopold2493@gmail.com | kirsten@ngkogelberg.co.za |

Nuwe Intrekker

# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

***Gertruida Helena Christina Rudolph***
van Secunda-Oos (HK3)

*Mag jy geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.*
*Mag jy voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

# KERKKANTOORure

**MAANDAG TOT VRYDAG** 10:00 - 13:00

## Kontakbesonderhede

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***
info@ngkogelberg.co.za Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***
028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***
083 670 4290

***Bring asseblief skoon leë koffiebottels met deksels na die Kerksaal vir die Kleinmond Sopkombuis!***

# VAKATURE
# KOSTER VIR DIE HANGKLIPKERK
# (GELEË TE PILLANSIAWEG, BETTYSBAAI) VAN DIE NGK KOGELBERG

Aansoeke vanaf geskikte kandidate (manlik of vroulik) vir die **pos van koster vir die Hangklipkerk** word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:


- Aansoekbrief gerig aan: Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

**Sluitingsdatum** vir aansoeke: ***5 September 2025 om 12:00***. Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za

**Diensvoordele sluit in:**

- 'n Totale Koste vir Indiensnemingpakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike evaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.
- Die pligte sal onder andere die volgende insluit:
- Dit sal van die koster verwag word om 9 vasgestelde ure en 7 uur fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die koster sal aan die Eiendomskommissie en die Hangklip Wykskerkraad van die gemeente rapporteer.
- Gereedmaak van die gemeentesentrum vir eredienste.
- Reëlings en ondersteuning ten opsigte van funksies, troues en begrafnisse.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- 'n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.
- Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:
- Basiese tegniese vaardighede om klein noodherstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en minstens 'n kode 10 bestuurderslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die Hangklipstreek gegee word. **Diensaanvaarding: 1 Oktober 2025.**




# Kleinmond Eko-bediening

## bied 'n spesiale vertoning aan:

**Datum:** Sondagaand, 7 September 2025


**Tyd:** 18:00

**Plek:** Kleinmondkerk, 4 de Laan 67

**Toegang:** Gratis

# Vrede vir die skepping

**Seisoen van die skepping 1 September – 5 Oktober 2025**



Eredienste 7 & 14 September
Erediens 5 Oktober met
Ernst van Jaarsveld (plantkundige)
Kleinmond Natuurbewarings-
vereniging 50-jarige fees 3 - 11 Oktober

- Ons aanbid God die Skepper en Onderhouer van sy skepping
- As kinders van God is ons geroep om op grond van ons herstelde verhouding met God vredemakers in belang van die skepping te wees
- Ons verbind ons opnuut tot sorg en beskerming van die skepping en alle mede-skepsels
- Sluit aan by projekte van eko-bediening en Kleinmond Natuurbewaringsvereeniging






DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Seisoen van die Skepping: 7-14 September en 5 Oktober 2025

## Vrede vir die Skepping

Só kan jy betrokke raak:

### *Eko-bediening Kleinmond*

- **Herwinning:** (Onthou: Refuse, Reduce, Reuse & Recycle). Versamel plastiek proppies van koeldrank-, melk-, vrugtesap- en koffiebottels asook broodsakkie-knippies en plaas dit in die houers by die aanbiddingspunte. Help met die skoonmaak en aflewering daarvan. Dit word verkoop ten bate van Overberg Wheelchair Association. Ons ondersteun ook die munisipaliteit se 2-sak stelsel. Kontak **Yvonne de Vaal 072 607 0851.**
- **Skoonmaak-aksie:** elke maand in ons omgewing. Ons maak Kleinmond nóg mooier. Jonk en oud welkom. Hou die aankondiginge en die pers dop. Kontak **Carlo Böhmer 083 334 5675.**
- **Eko-jeug:** hier werk ons veral saam met die Strandlopers en doen interessante projekte. Aardesorg moet by ons jeug begin! Kontak **Pieter van Wyk 072 203 1799.**
- **Eko-liturgie:** ons aanbid die Skepper ín die skepping en fokus op spesiale geleenthede. Help met organisasie en aanbieding. Kontak **Piet Botha 083 590 3637.**
- **Eko-waghonde:** ons toon waardering én rapporteer skade aan die omgewing. Wees saam met ons op die uitkyk. Kontak **Willie Groenewald 083 629 1662.**
- **Eko-ontdek, leer & voorspraak (advocacy):** Ons ontdek en leer oor ekologiese brandpunte en doen voorspraak. Kontak **Ryk van Velden 082 857 4368.**
- **Eko-WApp-groep:** wees op hoogte van eko-sake in Kleinmond en omgewing. Streng reëls geld vir hierdie groepie. Kontak **Carlo van Rensburg 082 840 8148.**

### *Kleinmond Natuurbewaringsvereniging*

- Vir enige navrae of belangstelling oor die **Natuurbewaringsvereniging**: kapgroep, voëlkyk, Mimetispark, plankiespad se herstel of fynbos uitstallings. Stuur asb epos aan: **kleinmondnbv@gmail.com**
- **Kleinmond Stapklub:** Kontak **Gerhard Booysen 082 461 0250.**

### *Kogelberg Biosfeerreservaat*

- Kogelbergbiosfeerreservaat se **Wildlife Rescue & Training Centre:** helpmetdie versorging en rehabilitasie vandiere.Kontak **Michelle Watson 073 314 0671.**

BASAAR

NGK KOGELBERG BIED AAN

# Lente in Kleinmond

## SATERDAG

## 20 SEPT

## 09:30 - 12:30

- Pannekoeke
- Boereworsrolle
- Roosterkoeke
- Kerrie & rys
- Basaarpoeding
- Lewerkoekies
- Jaffels
- Groente
- Koektafel
- Teetuin
- Kindertafel
- Koffie

4 DE LAAN 67

## KLEINMOND

# Fynbos

Ons is besig om **WOL** in te samel vir 2 opwindende projekte. As jy enige oortollige of ekstra wol wil skenk sal dit baie waardeer word. Alle kleure, helder of lig, dik/duk of dun, groot bolle of klein bolle, self tou is ook welkom. Jou bydrae sal help om kreatiwiteit en warmte aan albei gemeenskapsinisiatiewe te bring.

**Afleweringspunte:**

1) Fynbos Dienssentrum, 1ste Laan in groot mandjie gemerk WOL, by voordeur.

2) NGK, 4de Laan, Kleinmond , in TYD...ruimte in mandjie gemerk WOL.

Sperdatum: 15 November 2025

Kontak: Elaine 072 207 9588

Patricia: 028 -271 3602

# Skakelbyeenkoms met VGK by Hangklipkerk

Verlede week was die Hangklipkerk bevoorreg om gasheer te wees vir ‘n skakelbyeenkoms tussen ons gemeente en dié van die VGK. Net ‘n handjievol lidmate van die twee gemeentes het die geleentheid bygewoon,wat gesellig, gemoedelik en bemoedigend was.

Voor die tyd kon die teenwoordiges saam ‘n ligte maaltyd van kerrie en rys in die kuierruimte geniet, en dit afsluit met koeksisters. Laasgenoemde is spesiaal as nagereg gekies, omdat die ineenvlegting van die lekkerny simbolies is van die eenheid en samehorigheid wat tussen die twee kerke nagestreef word, het (waarnemende) voorsitter van die vergadering, Rudi Perold, gesê.





Ter verduideliking van die uitreik-aksie se doelwitte, sê dr Ryk van Velden, vanjaar se sameroeper, “almal wat deel is van hierdie skakelgroep gesels op ’n gereelde basis met mekaar om te bou aan saamwerk, eenheid en diens aan die gemeentes en gemeenskap oor wie dit gaan”.

‘n Stel waardes wat by ‘n vorige vergadering bepaal is, om die voortgaande gesprek en samewerking te rig en lei, is deur dr Ryk van Velden voorgehou vir goedkeuring. Kortliks lyk dit so:

- **Christusgesentreerdheid:** Ons streef daarna om alles te doen in die gesindheid van Christus en tot sy eer;
- **Eensgesindheid:** Bevestig en bevorder ons onderlinge liefde, respek, betrokkenheid en omgee;
- **Openheid:** Onderneem om altyd eerlik, opreg en deursigtig te wees;
- **Gestuurdheid:** Hou dit deurentyd voor oë dat ons as gestuurdes van Jesus en onder sy leiding in die gemeentes/gemeenskap betrokke is;
- **Toegewydheid en verbintenis:** Doen dit met ’n vaste verbintenis (‘commitment’) aan Christus, mekaar en ons roeping in die gemeentes/gemeenskap.

Die byeenkoms is onder andere deur ds. Anthony Cloete, leraar van die VGK, en ds Kirsten Small van ons gemeente bygewoon. Altwee het ‘n beurt gekry om die wel en wee van die twee gemeentes en die Ring te verwoord.

Helaine Kruger van die Hangklipkerk het inligting gedeel oor die behoeftes van Mooiuitsig en sy mense, veral die jeug.

*Lisel Krige*



# HANDE VAT MET ONS BURE




Ons, Kogelberg-gemeente, het die afgelope twee jaar ons gehoorsaamheid en toewyding aan die Here getoon deur ons harte en beursies oop te maak vir ons buurgemeente, die VGK.

Ons visie, om met deernis 'n verskil te maak, maak ons getrou aan Fil. 2:3 en 13. Die nuutste, vars vertaling sê: "Moenie net vir julleself sorg, of julle eie belange bevorder nie. Sien mekaar raak en help mekaar." "Dit is God self wat in julle werk."

Sedert 2023 het ons lidmate bygedra tot 'n fonds in ons gemeente-rekening waaruit 'n deel van ds Anthony Cloete se vergoeding betaal word. Hy is tot die einde van hierdie boekjaar in diens geneem, en die VGK-gemeente wil dit graag voortsit. Hy bedien die gemeente met toewyding, skakel hartlik in, en pak take aan wat tevore nie maklik gedoen kon word nie – soos uitreik na die jeug en kerkraadsopleiding.

Ons kan hierin op twee maniere verskilmakers wees:

- Help asb. ons kerkraad om maandeliks R10 000 te kan bydra tot die salarisfonds deur 'n donasie te gee, geoormerk: **VGK-leraa**r.
- Hierdie buurgemeente hou op **4 Oktober** basaar. Dit is hulle jaarlikse groot fondsinsameling. Die VGK-kerkraad vra beleefd dat ons asb. die basaarpoging sal steun met bydraes soos kontant, gebak, witolifante, plante en borgskappe aan die ryers wat met die kaskarre gaan jaag.(Kogelberg se kerkraad het sy steun hieraan toegesê.)



'n Avontuur vir die hele familie.



NGK KOGELBERG

# JEUG- en FAMILIEKAMP

## 9 - 11 OKTOBER



Aktiwiteite en vermaak vir die jeug gedurende die dag (08:00-17:00). Volwassenes sluit aan by die aandprogram & kamp ook saam met die kinders as familie.



**R200 per kind**

**KLEINMOND KARAVAANPARK**

**Tentstaanplek R300/nag**
*4 persone

| **Aktiwiteite....** | **Aanbieders...** |
|---|---|
| Basiese Waterveiligheid | Kleinmond Swim School/ NSRI |
| Boom Bome Boompie | Eko-bediening |
| Nou gaan ons BRAAI | SOS-span |
| Ritme van die Jembe | Handevat Musiek Projek |
| Skokkende ontdekking | Oom Riaan |
| Boeresport | SOS-span |
| Lofsang en Bybelstudie | Worship-span |

**Besprekings: info@ngkogelberg.co.za**

# FLORA KUNS

Kom leer om te skets
en verf met
waterverfpotlode.

**R200 pp**

**Sluit alle toebehore in**

## 17 OKTOBER
## 13:00-16:00

## HANGKLIPKERK
## PILLANSIAWEG 2

**Beperkte sitplekke beskikbaar. Bespreek jou plek teen 30 September by hanlieduppie@gmail.com**



Anmy Swanepoel-Kitshoff, gebore in 1968 in Brooklyn, Pretoria, waar sy Kuns aan Pretoria Technikon studeer het, woon die afgelope tien jaar in die omgewing en fokus veral op haar kuns.



Blommekuns met waterverfpotlode

# Gemeenskaps-
# DAGBOEK









# KLEINMOND FYNBOS FEES FESTIVAL

## 3 - 11 OKTOBER 2025

### Tema:

***Kleinmonders in die Biosfeer***

***Biosphere living in Kleinmond***







### Program:

- Fynbos van a - z
- Uitstallings
- Fynbos proe
- Voëls in die fynbos
- 'n Musikale Rendezvous
- Leef in die Biosfeer
- Begeleide uitstappies
- Rooisand se wilde perde
- Jeugprogram

*Vir meer inligting, besoek:*

*www.kleinmondnbv.co.za*

KLEINMOND natuur | indalo | nature

50 Jaar van beskerming
Years of protecting



Guest speaker

**LEON KLUGE**

*Gala opening*

## SOUTH AFRICAN WILD FLOWERS AND THEIR POLLINATORS

# KLEINMOND FYNBOS FEES FESTIVAL

**Tickets:** R150 pp
**Book:** Quicket.co.za

**3 October 2025**

KLEINMOND natuur | indalo | nature
50 Jaar van beskerming / Years of protecting

18.30 for 19.00
NG church hall
1st Ave, Kleinmond

## 6 September

Marie Delport 082 460 6161 (PB2b)

Margaret Lubbe 084 510 0415 (KB6)

Deon Nieuwoudt 083 675 2101 (BB2)

Mandi van der Have 072 828 2373 (Sc2

Wena van Wijk 072 187 6655 (KP1)

## 7 September

SW Goosen (Sa4)

Maret Hattingh 083 701 0210 (PM5)

Dean Ludick (PM1)

## 8 September

Roline Campher 083 459 5934 (PB3)

Magda du Preez 076 092 8588 (Sc2

Elseline Hanekom 082 459 0550 (BB2)

Louise Schubert 082 782 3742 (Sc4)

Lauwrens Steyn 083 387 7339 (Sa1)

## 9 September

Emma Burls (Ba1a)

Koos Eloff 083 462 1295 (BB6)

Lida Louw 082 327 7146 (PM3)

Rita Rheeder 073 693 7564 (Ba2)

Kamé Richards (BB3)

Rika Theron 083 454 8496 (KB2)

Fanie van Deventer 073 997 2144 (Ba1a)

## 10 September

Schalk Boonzaaier 087 808 7516 (KB1)

Louis Henry Jordaan 072 210 9044 (Sc2)

## 11 September

Ledivia de Reuck 082 828 1742 (BB2)

André Fourie 074 710 9332 (BB2)

Martha Kleinhans (BB6)

Valeria Kleinhans (BB6)

Frik le Roux 082 895 0870 (BB6)

Toppie Stofberg 083 530 5029 (RE)

Rina Thompson 082 333 1543 (RE)

## 12 September

Hanro Blomerus 084 873 7000 (KB1)

Hestè Groenewald 072 265 9829 (HK2)

Marlene Koen 082 357 2047 (Ba1a)

Hennie Schutte 082 746 4727 (PM3)

Hannes Singleton 083 448 2682 (Bb4)

Petro Swart 082 731 2824 (BB3)

# Verjaarsdae!



# Seisoen van die Skepping

**Jesaja 32:1-20 | Vrede vir die Skepping**

GESPREKSBLAD VIR GROEPE



## GROEPGESPREKKE | 8 - 13 SEPTEMBER 2025

### 1. Gesels bietjie saam...

- As jy aan die skepping en natuur dink... waar is jou gunsteling plek om te wees?
- As jy een plek op aarde sou kon herstel tot sy oorspronklike toestand, watter plek sal jy kies?
- Hoeveel huishoudelike afval is daar gemiddeld in julle huis?
- Mahatma Ghandi het by geleentheid gesê: "*The rich must live more simply so that the poor may simply live.*" Gesels bietjie oor hierdie stelling.

### 2. Ons storie nou...

- Die gemiddelde lidmaat van ons gemeente leef met 'n bewussyn van ons verantwoordelikheid teenoor die skepping. Hoe - dink julle - kan ons meer mense in ons omgewing bewus maak van hierdie verantwoordelikheid?
- Ons gemeente se Eko-bediening het verskillende aksies waarby lidmate betrokke kan raak. Waaroor sou jy meer inligting wou hê of waarby is jy reeds betrokke?
    - Herwinning waar ons onthou van: *Reduce, Reuse & Recycle*.
    - Skoonmaak-aksie elke maand in ons omgewing.
    - Eko-jeug wat saam met die Strandlopers interessante projekte doen.
    - Eko-liturgie wat help met 'n skeppingsfokus op spesiale geleenthede.
    - Eko-waghonde wat waardering toon én skade rapporteer
    - Eko-ontdek wat leer oor ekologiese brandpunte en voorspraak doen.
    - Eko-WhatsApp-groep wat jou op hoogte van eko-sake.

### 3. God se storie...

- Lees Jesaja 32:1-20 rustig saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het of wat jou opgeval het uit Sondag se eredienste.
- Jesaja 32 is 'n profetiese visioen van 'n toekomstige regverdige koninkryk. Dit kontrasteer die chaos en ongeregtigheid van die hede met die hoop van 'n komende heerskappy wat gekenmerk word deur geregtigheid, regverdigheid en vrede. Verse 15–20 fokus veral op hoe vrede en geregtigheid lei tot die voorspoed van beide die mense en die skepping.

- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - Geregtigheid en vrede:
        - Wat sê Jesaja is die verband tussen geregtigheid, regverdigheid en vrede?
        - Hoe sien jy dit vandag in die wêreld afspeel (of nie)?
        - Is vrede moontlik sonder geregtigheid? Hoekom sou jy so sê?
    - Vrede en die Skepping:
        - Verse 15–20 beskryf die transformasie van die land tesame met sosiale herstel. Wat suggereer dit oor die verhouding tussen menslike gedrag en die skepping?
        - Dink jy die Bybel roep ons op om vir die skepping te sorg as deel van vredeswerk? Gee 'n rede vir jou antwoord.
        - Hoe weerspieël omgewingsagteruitgang geestelike of maatskaplike ongeregtigheid?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Deel met mekaar julle gedagtes oor die volgende vrae:
    - Waar sien jy tekens van hierdie "vredevolle koninkryk" in die wêreld vandag?
    - Watter lewensareas (persoonlik, gemeenskaplik, wêreldwyd) benodig die soort transformasie wat in Jesaja 32 beskryf word?
    - Wat kan ons doen – individueel of as 'n groep – om geregtigheid, vrede en sorg vir die skepping te bevorder?
- Gaan stap buite in stilte en let op die skepping rondom jou. Dink na oor hoe die natuur **vrede** weerspieël en hoe dit ly wanneer **geregtigheid** ontbreek. Kom weer bymekaar en deel dan met mekaar wat julle opgemerk of gevoel het.

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

- Bid vir leiers om met geregtigheid en wysheid te regeer.
- Bid vir vrede in plekke van konflik.
- Bid vir genesing van die skepping en krag om versorgers van die aarde te wees.

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord in die week wat kom. Ons gaan wel op Sondag 14 September (in die Kleinmondstreek) fokus op Jeremia 32:1-15 as ons die Seisoen van die Skepping en ons roeping ten opsigte van die ekologie vier:

- Maandag 8 September - Jesaja 32:1-20
- Dinsdag 9 September - Psalm 51:1-10
- Woensdag 10 September - Eksodus 32:7-15
- Donderdag 11 September - Lukas 15:1-10
- Vrydag 12 September - 1 Timoteus 1:12-17
- Saterdag 13 September - Jeremia 32:1-15